| | |
|---|---|
| Navrae<br>Enquiries<br>IMibuzo | Mnr W. Wilkinson<br>Mnr S.N. Pieterse |
| Telefoon<br>Telephone<br>IFoni | (021) 467-2000 |
| Faks<br>Fax<br>IFeksi | (021) 4672398 |
| Verwysing<br>Reference<br>ISalathiso | 7/4/2<br>6/3/2 |

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0052/2001

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, HOOFDE VAN INRIGTINGS EN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME

**BENUTTING VAN JAARLIKSE VAKANSIEVERLOF: STAATSAMPTENARE EN KANTOORGEBONDE OPVOEDERS (UITGESLUIT INRIGTINGGEBONDE OPVOEDERS)**

Ooreenkomstig die bepalings van Resolusie 7/2000 moet die jaarlikse vakansieverlof van 'n bepaalde verlofsiklus gedurende die bepaalde verlofsiklus en binne hoogstens ses maande na verstryking van die betrokke verlofsiklus benut word. Die verlof van die verlofsiklus 2001 moet voor 30 Junie 2002 benut word. Jaarlikse verlof wat nie sodanig benut word nie, moet uitbetaal word indien dit geweier is, of dit verval as dit nie betyds benut word nie. Die WKOD beskik nie oor die fondse om enige verlofbetalings te maak nie en dus mag geen verlof wat opgebou is ten opsigte van die tydperk 1Julie 2000 tot 31 Desember 2000 en wat voor 30 Junie 2001 benut moet word, geweier word nie. Die nie-betaling van verlof geld ook ten opsigte van alle toekomstige verlofsiklusse totdat dit formeel ingetrek word.

Die doel met hierdie omsendbrief is om alle hoofde, toesighouers en werknemers (d.i. Staatsamptenare en Kantoorgebonde Opvoeders) daaraan te herinner dat die verlof opgehoop oor die tydperk 1 Julie 2000 tot 31 Desember 2000 voor 30 Junie 2001 benut moet word. Die genoemde opgehoopte verlof is 50 (vyftig) persent (die helfte) van die normale jaarlikse verlofaanwas d.w.s., 11 werksdae in die geval van 22 dae verlof, 13 werksdae in die geval van 26 dae verlof en 14 werksdae in die geval van 28 dae verlof. (Let daarop dat vakansieverlof nou as werksdae en nie meer as weeksdae nie geag word. Naweke en openbare vakansiedae val dus buite vakansieverlof en vorm nie deel daarvan nie.)

Die verlof moet egter benut en/of toegestaan word met volle inagneming van die diensleweringsvereistes van die kantoor/afdeling/inrigting. Vir dié doel sal dit noodsaaklik wees dat 'n goed uitgewerkte verlofrooster opgestel word. Dit moet weereens beklemtoon word dat geen verlof uitbetaal sal word nie en gevolglik is die instel en noukeurige

implementering van 'n verlofrooster uiters noodsaaklik vir die suksesvolle bestuur van verlof.

Die benutting van jaarlikse verlof deur inrigtinggebonde KS-opvoeders word in 'n aparte omsendbrief gedek en hierdie skrywe is dus nie op hulle van toepassing nie. Opvolgomsendbriewe met betrekking tot vakansieverlof en siekteverlof onderskeidelik, sal binnekort uitgereik word.

Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder alle belanghebbendes se aandag gebring word.

nms. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2001.05.02.